SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2017

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*IECONA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en die konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

6. Lees ALLE vrae noukeurig deur.

7. Begin elke NUWE vraag op ŉ NUWE bladsy.

8. Los 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.

1.1.1 ʼn Verandering in die hoeveelheid aangevra as gevolg van ʼn verandering in inkomste word na verwys as ... -elastisiteit.

A prys
B inkomste
C aanbod
D aanbod en inkomste

1.1.2 Wanneer een land ʼn produk vervaardig deur minder hulpbronne te gebruik as ʼn ander land, beteken dit dat die land ʼn … voordeel in die produksie van daardie produk het.

A absoluut
B dubbele
C relatiewe
D vergelykende koste-

1.1.3 Die verkoop van gedifferensieerde produkte is ʼn kenmerk van ʼn … mark.

A oligopolie
B volmaakte
C monopolistiese
D monopolie

1.1.4 Die bevrediging verkry uit die verbruik van ʼn produk staan bekend as … nut.

A gemiddelde
B marginale
C totale
D gemiddelde veranderlike

1.1.5 ʼn Mark wat bestaan wanneer kopers en verkopers byeen kom om die ruil van verbode goedere te onderhandel, word na verwys as ʼn/die … mark.

A goedere
B faktor
C swart
D kapitaal

1.1.6 ʼn Land wat ʼn lid van die G8 is, is …

A Suid-Afrika.
B Frankryk.
C Nigerië.
D Indië.

1.1.7 ʼn Ekonomiese stelsel wat tot die Noord- en Suid-verdeling bydra is ...

A kapitalisme.
B sosialisme.
C gemengde markstelsel.
D gemeenskaplik.

1.1.8 Watter van die volgende faktore is vir die uitputting van die osoonlaag verantwoordelik?

A Koolstofmonoksied
B Ultravioletstrale
C Koolstofdioksied
D Besoedeling (8 x 2) (16)

1.2 Kies ʼn korrekte beskrywing in KOLOM B wat by ʼn item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Kruis-elastisiteit van vraag | A | Produk wat in samewerking met ʼn ander gebruik word |
| 1.2.2 | Komplementêre | B | Tydperk waarin ʼn produsent al sy produksiefaktore kan verander |
| 1.2.3 | Besigheidsdoelwit | C | Die moeilikheid ervaar deur mense om te oorleef |
| 1.2.4 | Langtermyn | D | ʼn Belasting wat op invoere gehef word |
| 1.2.5 | Absolute armoede | E | Die permanente vernietiging van boslande |
| 1.2.6 | Tariewe | F | Koste van voordeel van ʼn produk of diens wat nie na derde partye verander word nie |
| 1.2.7 | Ontbossing | G | Maak soveel wins as moontlik |
| 1.2.8 | Eksternaliteit | H | Die verwantskap tussen prys van die een produk en die gevolglike verandering in die hoeveelheid gevra van ʼn ander produk |
| | | I | ʼn Nuttige of aantreklike kenmerk, soos wetenskap, skoonheid of gerief |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Persentasie-verandering in hoeveelheid aangevra is gelyk aan die persentasie-verandering in prys

1.3.2 ŉ Proses waarby lande besluit om ekonomies saam te werk

1.3.3 ŉ Situasie waar verkopers ŉ ooreenkoms aangaan

1.3.4 ŉ Manier om natuurlike hulpbronne te gebruik sonder om die ekologiese balans van ŉ gebied te vernietig

1.3.5 ŉ Vorm van investering waar buitelandse maatskappye belê in besighede in die vorm van geboue, masjinerie en toerusting

1.3.6 Die verhandeling van goedere en dienste tussen lande met minder rompslomp (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Lys enige TWEE eienskappe van nut. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe gebeur onvolmaakte markstrukture? (2 x 1) (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MONOPOLIEË IN SUID-AFRIKA**

Die meeste monopolieë is eintlik byna monopolieë. Alhoewel daar slegs een spesifieke produk in die mark mag wees, kan die produk plaasvervangers hê. Suid-Afrikaanse Broueryе word dikwels beskou as ŉ goeie voorbeeld van ŉ private monopolie in Suid-Afrika. Dit is nie die enigste verskaffer van bier nie, want bier het ook ŉ verskeidenheid potensiële plaasvervangers.

[Bron: Aangepas uit *http/www2.resbank/glossary*]

2.2.1 Identifiseer ŉ private monopolie uit die uittreksel. (1)


2.2.2 Identifiseer EEN eienskap van ŉ monopolie uit die uittreksel. (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks ŉ *natuurlike monopolie.* (2)

2.2.4 Wanneer word ŉ produk ŉ substituutproduk genoem? (2)

2.2.5 Hoe word mededingers verhoed om hierdie mark te betree? (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Voorsien byskrifte vir kurwes '**a**' and '**b**'. (2)

2.3.2 Verduidelik kortliks die term *marginale inkomste.* (2)

2.3.3 Hoe word die waarde van '**b**' bereken? (2)

2.3.4 Wat is die verhouding tussen kurwe '**a**' en marginale inkomste? (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik *interafhanklikheid van firmas* en *nie-prysmededinging* as eienskappe van 'n oligopolie. (2 x 4) (8)

2.5 Verduidelik met behulp van 'n grafiek die verband tussen 'n toename in verbruik, totale nut en grensnut. (8)

**[40]**

**VRAAG 3** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Lys enige TWEE lidlande van die SAOG. (2)

3.1.2 Watter impak het MIV/Vigs op armoede? (2)

3.2 Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



'SUMMIT UP'


3.2.1 Vanuit die spotprent, identifiseer TWEE voorwaardes wat ryk lande kan verbind om wêreld-armoede te verminder. (2)

3.2.2 Verduidelik kortliks *relatiewe armoede*. (2)

3.2.3 Verduidelik werkloosheid as 'n oorsaak van armoede. (2)

3.2.4 Hoe dink jy kan armoede verlig word? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Identifiseer TWEE faktore wat die meeste tot gronderosie bydra. (2)

3.3.2 Hoe kan tegnologiese innovasie gebruik word om die omgewing te beskerm? (4)

3.3.3 Hoe kan landbou tot grondagteruitgang bydra? (4)

3.4 Verduidelik die verbetering van kommunikasie en tegnologie as 'n oorsaak van globalisasie. (2 x 4) (8)

3.5 Watter uitdagings sal die samelewing in die gesig staar as die regering nie ingryp om armoede te verlig nie? (8)

**[40]**


**VRAAG 4** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Lys enige TWEE voorbeelde van hernieubare hulpbronne. (2)

4.1.2 Waarom is die hoeveelheid wat aangevra word van gewoonte-artikels, prysonelasties? (2)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Ten spyte van baie beduidende ontwikkelings wêreldwyd, leef miljoene mense nog in absolute armoede en daar is aansienlike bewyse dat ongelykhede tussen die wêreld se rykste en armste lande vergroot word. In 1820 was die Wes-Europeërs se per capita inkomste drie keer groter as Afrika sin, maar teen 2000 was dit dertien keer so groot.

[Aangepas uit www.rgs.org/schools]

4.2.1 Noem TWEE kontinente wat in die uittreksel genoem word. (2)


4.2.2 Verduidelik kortliks die term *per capita inkomste*. (2)

4.2.3 Onderskei tussen ryk en arm lande in terme van die vlak van ontwikkeling. (2)

4.2.4 Hoe dink jy, kan ongelykhede tussen ryk en arm lande verminder word? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PRYSELASTISITEIT VAN VRAAG**




4.3.1 Voorsien die korrekte byskrif vir kurwe '**a**'. (1)

4.3.2 As die prys sou styg van R10 tot R15, wat is die hoeveelheid goedere wat aangevra sou word? (1)

4.3.3 Verduidelik *pryselastisiteit van vraag vir luukse goedere*. (4)

4.3.4 Deur inligting uit die grafiek te gebruik, bereken en dui die soort prys-elastisiteit van vraag aan. (4)

4.4 Bespreek tyd en beskikbaarheid van arbeid as faktore wat prys-elastisiteit van aanbod bepaal. (2 x 4) (8)

4.5 Watter probleme sal in die ekonomie ervaar word as hernieubare hulpbronne oormatig gebruik word? (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDE-BOEK.

Jou antwoord gaan soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ʼn Goeie beginpunt sal wees om ʼn begrip of sleutelwoord van die vraag te definieer.<br>• Moenie in die inleiding enige gedeelte van die vraag insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in die inhoud/liggaam herhaal nie. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek volledig/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie menings/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ʼn grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoë-orde slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ʼn Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is.<br>• Enige opinie of waarde-oordeel van die feite wat bespreek is.<br>• Addisionele ondersteunende inligting wat die besprekings/ontleding versterk.<br>• ʼn Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra.<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

*Een van die belangrikste funksies van 'n mark is om te verseker dat die regte produk op die regte tyd geproduseer word.*

- Met verwysing na die bogenoemde stelling, verduidelik die vraagkant verhouding met behulp van grafieke en voorbeelde. (26)
- Waarom is dit belangrik dat die produktemark oorweeg wat daar in die faktormark gebeur? (10)

**[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE KWESSIES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

*Die omgewing is 'n waardevolle bate waarsonder die ekonomie en die samelewing nie kan oorleef nie.*

- Bespreek die verskeie benaderings wat vir die volhoubaarheid van die omgewing gebruik kan word. (26)
- Watter rol kan die samelewing speel om die omgewing van aardverwarming te probeer red? (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou